
# CONTREE DIE EERSTE TIEN JAAR*

*Dr. André Wessels*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

Die publikasie van die eerste uitgawe van *Contree: tydskrif vir Suid-Afrikaanse stedelike en streekgeskiedenis* in Januarie 1977 het 'n nuwe era in navorsing op die terrein van streekgeskiedenis[1] in Suid-Afrika ingelui. Voortaan sou artikels van 'n streekhistoriese aard gereeld verskyn en sodoende publikasiemoontlikhede bied aan streekhistorici om navorsing in hierdie verband te bevorder.

Selfs nog voordat die Instituut vir Geskiedenisnavorsing se Afdeling Streekgeskiedenis amptelik op 1 April 1975 tot stand gekom het,[2] is voorsien dat die Afdeling sy navorsing onder meer deur middel van 'n tydskrif bekend sou stel. Hierdie tydskrif wat òf kwartaalliks òf halfjaarliks sou verskyn, sou artikels van streekhistoriese sowel as vaktegniese aard bevat.[3]

Toe die eerste uitgawe van *Contree* dus aan die begin van 1977 die lig sien, het Suid-Afrika 'n volwaardige, tweetalige streekhistoriese tydskrif gekry. Dit sou sesmaandeliks verskyn met die doel "om navorsing op die gebied van plaaslike, stedelike en streekgeskiedenis te koördineer en te bevorder".[4] Die redaksie is saamgestel uit personeel van die Afdeling Streekgeskiedenis en taalpraktisyns van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing.




Om aan die eise van 'n volwaardige vaktydskrif te voldoen, is 'n nasionale redaksionele advieskomitee in 1985 ingestel. Van *Contree* 18 af word alle bydraes gevolglik onafhanklik gekeur en beoordeel deur lede van die redaksionele advieskomitee. Hierdie persone, meestal verteenwoordigers uit toepaslike vakgebiede en erkende, vooraanstaande wetenskaplikes, dien die redaksie ook van advies met betrekking tot algemene beleidsake. Sodoende het *Contree* 'n beoordeelde ("refereed") tydskrif geword[5] en is die beginsel aanvaar van 'n vrye kompetisie-aanbod eerder as die werwing van artikels wat sonder keuring geplaas word.[6] Gepubliseerde artikels word saamgevat en/of geïndekseer in die *Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels* en sedert Januarie 1986 (nommer 19) in die internasionale ekserppublikasies *Historical abstracts* en *America: History and life*.[7]

Die aanvanklike oplaag van 1 000 (1977) per uitgawe is mettertyd verhoog en tans word 1 500 kopieë gedruk. Dit word versprei aan gereelde intekenare in Suid-Afrika sowel as in die buiteland, geselekteerde internasionale biblioteke, alle nasionale, plaaslike en universiteitsbiblioteke, belanghebbende museums, owerheidsliggame, universiteitsdepartemente en ander instansies.[8] Behalwe vir twee uitgawes (nommers 2 en 20) met 36 bladsye elk, beslaan die ander elk 32 bladsye. Die huidige prys van R1,50 per eksemplaar verteenwoordig weliswaar 'n redelike styging teenoor die vroeëre 50c, 75c en R1,00 per kopie, dog in terme van die algemene inflasiekoers is dit relatief laag.

In 1982 is 'n register vir die eerste tien nommers uitgegee. Dit bevat onder meer 'n lys van persoons- en plekname, sake of onderwerpe, artikels, illustrasies en boekbesprekings en is 'n nuttige hulpmiddel vir die gebruiker. Terselfdertyd bied dit 'n goeie oorsig van die wyd-geskakeerde inhoud van die tydskrif. 'n Soortgelyke register wat die volgende tien nommers (11-20) sal dek, word vir Julie 1987 beplan.[9]

* * *

*Dank word hiermee uitgespreek teenoor lede van die Afdeling vir Navorsing oor Streek- en Sosiaal-ekonomiese Geskiedenis van die RGN vir hulp tydens die navorsing.

1 Die woord *streekgeskiedenis* word in hierdie artikel oor die algemeen in sy ruimste betekenisverband gebruik. So vertolk, sou dit dus ook gewestelike of omgewingsgeskiedenis genoem kon word en die volgende insluit: stedelike geskiedenis, plaaslike of dorpsgeskiedenis en landelike geskiedenis (met inbegrip van nie-stedelike gebiede, buite dorpe). Kyk byvoorbeeld P.L. SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis — 'n fassinerende mikrokosmos* (Publikasiereeks van die Universiteit van Wes-Kaapland, A26, Bellville, 1978), pp. 5 (voetnoot) en 8-9.

2 In 1983 is die naam verander na die Afdeling vir Navorsing oor Streek- en Sosiaal-ekonomiese Geskiedenis.

3 A.G. OBERHOLSTER, *Verslag in verband met die oprigting van 'n afdeling streekgeskiedenis in die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing* (Pretoria, 1975), pp. 16-17, 38 en 40.

4 *Contree* 1, Januarie 1977, p. 2.

5 Kyk *Contree* 18, Julie 1985, p. 3 (redaksioneel).

6 Beoordeling en/of keuring van bydraes is 'n belangrike vereiste wat gestel word vir 'n tydskrif om aan internasionaal aanvaarbare standaarde te voldoen. Inligting verstrek deur die Buro vir Wetenskaplike Publikasies (Posbus 1758, Pretoria, 0001) en dr. C.C. Eloff, redakteur van *Contree*.

7 *Contree* 20, Julie 1986, p. 3 (redaksioneel).

8 Inligting verstrek deur dr. C.C. Eloff.

9 *Ibid.*

Uit 'n statistiese ontleding van die inhoud van *Contree* 1-20 kan onderskei word tussen bloot interessante en efemere inligting, en gegewens wat van wesenlike belang is om die mate van sukses te bepaal wat tot dusver behaal is of wat by toekomstige beplanning van waarde kan wees.

'n Totaal van 95 **artikels** het in die eerste twintig nommers verskyn, dit wil sê gemiddeld byna vyf bydraes per uitgawe. Daar is feitlik 'n gelyke verspreiding van Afrikaanse (51) en Engelse (44) artikels, wat op 'n gebalanseerde benadering dui. Met die oog op internasionale erkenning vir die tydskrif en die moontlikheid om borge uit die sakewêreld te werf, sal dit nietemin goed wees indien die getal Engelse artikels vermeerder word. Die gebruik om kort opsommings van artikels in albei landstale by die inhoudsopgawe in te sluit, is weldeurdag, in ooreenstemming met standaarde vir nasionale tydskrifte en 'n waardevolle hulpmiddel vir die leser.

Wat onderwerpe betref, het al 95 artikels 'n streekhistoriese strekking in die ruimste betekenis van die woord. Afgesien van suiwer plaaslike en stedelike geskiedenis — wat die grootste persentasie uitmaak — word aspekte van agrariese, sosiaal-ekonomiese, kerk-, kultuur-, onderwys-, politieke en militêre geskiedenis ook aangesny. Hieruit blyk die wye en uiteenlopende terrein van menslike aktiwiteite wat in hierdie takdissipline bestryk word. Oor die algemeen word voorts 'n goeie balans gehandhaaf tussen teoretiese en metodologiese bydraes aan die een kant en artikels van 'n meer "beskrywende" aard andersyds.

*Contree*-artikels kan feitlik sonder uitsondering herlei word tot een of meer van die 28 streke waarin die RSA vir navorsingsdoeleindes verdeel is (kyk kaart). Die meeste bydraes het betrekking op die Kaapprovinsie, gevolg deur Transvaal, Natal en die Vrystaat. Laasgenoemde provinsie het egter nog glad nie sy regmatige plek in die tydskrif ingeneem nie.

Dorpe en stede waaroor reeds meer as een artikel verskyn het, is Durban, Grahamstad, Johannesburg, Kaapstad, Klerksdorp, Pretoria, Oudtshoorn, Potchefstroom en Victoria-Wes. Kort geskiedenisse is oor slegs dertien dorpe gepubliseer, onder meer Beaufort-Wes, Carnarvon, Empangeni, Komatipoort, Postmasburg en Richardsbaai. Oor die oorgrote meerderheid van Suid-Afrika se dorpe, stede en gebiede is dus nog geen bydraes in die tydskrif opgeneem nie. In die lig hiervan behoort daarna gestreef te word om artikels oor 'n groter aantal dorpe te publiseer. Sodanige oorsigtelike beskrywings kan gerus op 'n gereelde en sistematiese basis aangebied word. Terselfdertyd is bronnelyste of literatuurstudies oor bepaalde plekke of gebiede[10] waardevol vir die navorser en behoort dit aangemoedig te word.

'n Ontleding van tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat deur *Contree*-bydraes gedek word, bring aan die lig dat die laaste kwart van die 19de eeu tot dusver die meeste aandag geniet het. Van die 95 artikels handel 83 oor 'n spesifieke tydperk, terwyl meer as die helfte byvoorbeeld 'n periode van 50 jaar of langer beskryf.

'n Tema in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing wat tot dusver nog redelik verwaarloos is, is die rol van die Swartman, Bruinman en Asiër in die totstandkoming van die huidige samelewingstruktuur in die RSA. Waar dit, aldus die redaksie, binne die raamwerk van streekhistoriese navorsing moontlik én noodsaaklik is "om die wisselwerking tussen die verskillende bevolkingsgroepe onbevange te bestudeer"[11], sou verwag kon word dat hierdie benadering in *Contree*-artikels moet reflekteer. Dit is egter nie heeltemal die geval nie omdat Blankes in meer as 'n derde van alle bydraes die enigste fokuspunt vorm. Waar ander bevolkingsgroepe wel figureer, is dit meestal slegs sydelings of in 'n minder prominente posisie. In talle artikels word die vroeë (pre-koloniale) inwoners nog genegeer en word die koms van die Blanke by implikasie as die begin van die "beskawing" geteken. Wat hierdie aspek betref, is daar ongetwyfeld ruimte vir groter balans en bydraes behoort voortdurend teen so 'n agtergrond beoordeel te word.

Uit 'n ander hoek beskou, het die tydskrif wat sy inhoud betref tot dusver beslis 'n belangrike funksie vervul. Talle artikels vertoon naamlik sterk raakpunte met die Suid-Afrikaanse Plan vir Geesteswetenskaplike Navorsing (SAPGN). Temas wat byvoorbeeld verband hou met hierdie prioriteitsgerigte navorsingsplan behels ekonomiese ontwikkeling, mobiliteit van die Suid-Afrikaanse bevolking, tussengroepverhoudinge, werkkragvraagstukke, kultuurbevordering, godsdienstige ontwikkeling en gesondheidsdienste — almal ook terreine van die streekgeskiedenis.[12]

Bydraes is oor die algemeen van 'n hoë standaard aangesien dit meestal deur gesaghebbendes op die gebied van plaaslike, stedelike en streekgeskiedenis gelewer word. Van die 57 **outeurs** is byna die helfte byvoorbeeld professionele historici, terwyl die res uit onder andere geograwe, museumkundiges, ekonome, taalkundiges, opvoedkundiges en etnoloë bestaan. Enkele belangstellende persone wat beroepe verteenwoordig soos dié van predikant, huisvrou, joernalis, boer, genealoog, bibliotekaris en ingenieur het ook al bydraes gelewer. Die ryke verskeidenheid van medewerkers beklemtoon opnuut die kaleidoskopiese aard van hierdie takdissipline van die geskiedeniswetenskap.[13]

Op enkele uitsonderings na het dosente van feitlik elke universiteit in Suid-Afrika al een of meer artikels bygedra. Van die 95 bydraes is 45 naamlik deur universiteitspersoneel gelewer teenoor die 24 van RGN-navorsers. Daar bestaan dus 'n positiewe vennootskap tussen die RGN en universiteite ten opsigte van die koördinering en bevordering van streekhistoriese navorsing.[14]

*Contree*-artikels is goed gedokumenteer ofskoon enkeles slegs 'n bronnelys en geen voetnote as bronneverwysings bevat nie. Die **voetnoottegniek** wat toegepas word, spreek van 'n weldeurdagte benadering en is sinvol: dit is deurgaans duidelik, ondubbelsinnig, volledig en eenvormig. Hoewel dit van deeglike navorsing mag getuig, is die omvang of lengte van sommige voetnote egter steurend. Dit kan vermy word deur net die belangrikste of verteenwoordigendste bronne te vermeld en sodoende aan die beginsel van bondigheid te voldoen. Die moontlikheid sou gerus ondersoek kon word om die gebruik van *op. cit.* in die toekoms weg te laat.

In ooreenstemming met die vereistes gestel aan nasionale vaktydskrifte word in *Contree* (benewens navorsings- en oorsigartikels) ook **boekresensies** opgeneem. Enkele vroeë uitgawes het geen resensies bevat nie, maar daarna het gemiddeld drie per nommer verskyn vir 'n totaal van 46. Hiervan is die meeste (naamlik 38) deur redaksielede self gelewer, terwyl universiteitsdosente ook vir 'n klompie verantwoorde-


[10] Byvoorbeeld die bronneverkenning van die streek Oos-Vrystaatse Grensgordel in *Contree* 1 en 2 (Januarie en Julie 1977), pp. 24-27 en 17-20 onderskeidelik.

[11] *Contree* 8, Julie 1980, p. 3 (redaksioneel).

[12] Kyk E.P. WHITTLE, Research priorities in the human sciences: results of the 1982 survey, *Navorsingsbulletin* 13(3), 1983, pp. 2-5; C.C. ELOFF, *Streekhistoriese navorsing en die SAPGN* (RGN-geleentheidspublikasie 2, Pretoria, 1984), pp. 8-12.

[13] SCHOLTZ, *op. cit.*, pp. 9 en 17; A.G. OBERHOLSTER, Streekgeskiedenis en die historikus, *Contree* 6, Julie 1979, p. 31.

[14] *Contree* is onlangs ingesluit in die lys van goedgekeurde vaktydskrifte wat in aanmerking kom vir subsidiëring van navorsingsuitsette aan Suid-Afrikaanse universiteite. Inligting verstrek deur dr. C.C. Eloff.




*Streekindeling van die RSA deur die Afdeling Streekgeskiedenis (Augustus 1976).*

lik was. Laasgenoemde gebruik kan in die toekoms meer dikwels gevolg word, veral waar kundiges of spesialiste op bepaalde terreine 'n bydrae kan maak.

Die tipe publikasies wat geresenseer word, is verteenwoordigend van 'n breë spektrum takdissiplines van die geskiedeniswetenskap. Die grootste groep het nietemin op plaaslike, stedelike of streekgeskiedenis betrekking of handel byvoorbeeld oor aspekte van argitektuur, ekonomiese geskiedenis, geografie, kultuurgeskiedenis en militêre geskiedenis. Dit is verblydend want nie net werke van suiwer historiese aard is vir die streekhistorikus van waarde nie. Ofskoon 'n redelike goeie balans gehandhaaf word tussen die getal artikels en die resensies per uitgawe kan die redaksie dit gerus oorweeg om soms ook langer of uitvoeriger besprekingsartikels ("review articles") te plaas.

Wat **styl** en algemene **tegniese versorging** betref, word in *Contree* 'n hoë peil gehandhaaf. Illustrasies word ruimskoots gebruik wat tesame met die keurige tipografie aan die tydskrif 'n stempel van gehalte besorg. Kleurdrukwerk by sommige illustrasies en die feit dat blanko spasies binne elke uitgawe tot die noodsaaklike minimum beperk word, dra verder tot die netjiese voorkoms by. Voorbladfoto's is meestal treffend en relevant.

Kaarte om die ligging van plekke en streke aan te dui, is onontbeerlik in 'n tydskrif soos hierdie. By heelwat artikels word wel sulke liggingskaarte gebruik, dog by 'n hele aantal ander ontbreek so iets. Die kaart met die streekindeling van die RSA (deur die Afdeling Streekgeskiedenis) kan ook meer dikwels geplaas word om byvoorbeeld aan te toon watter plekke, dorpe, stede of gebiede reeds aandag in artikels gekry het.

* * *

As tydskrif vir plaaslike, stedelike en streekgeskiedenis het *Contree* mettertyd volwaardige nasionale status verwerf. Dit is 'n welverdiende erkenning vir die redaksie wat dit uitgebou het tot 'n produk waarvan die inhoud, styl, opset en tegniese afwerking aan die eise van hoëvlaknavorsingstydskrifte voldoen.

Indien hierdie standaard gehandhaaf en selfs verbeter kan word, is daar beslis 'n plek vir *Contree* in die Suid-Afrikaanse navorsingsgemeenskap. Aanpassings en vernuwing sal uiteraard die maatstaf moet wees om te verseker dat dit lewenskragtig en relevant bly. Enkele opmerkings in hierdie verband mag selfverklarend wees. In die verlede is byvoorbeeld nog geen werklike pennestryd gevoer nie. Oor die twisvraag oor watter een van Potchefstroom of Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal is, het weliswaar twee opponerende artikels verskyn, dog nie in dieselfde uitgawe nie.[15] Sonder om enigsins te suggereer dat *Contree* 'n pole-

[15] Kyk *Contree* 18, Julie 1985, pp. 5-9, en *Contree* 19, Januarie 1986, pp. 28-31.

miese tydskrif moet word, sal dit moontlik nog groter belangstelling wek indien dieselfde tema uit verskillende hoeke benader word. Dit mag selfs waardevol wees om soms lesers se kommentaar (kritiek) te verneem op artikels wat reeds gepubliseer is.[16] Daardeur kan die streekhistoriese debat lewendig gehou en die vakgebied gedien word.

Die afgelope dekade is slegs twee uitgawes aan min of meer 'n enkele tema gewy.[17] In die toekoms sou dit goed wees as meer sulke "spesiale uitgawes" die lig sien — veral indien meer as een medewerker 'n spesifieke onderwerp indringend bespreek. Feesuitgawes om saam te val met die honderdjarige bestaan van dorpe of stede verdien ook oorweging, mits toepaslike bydraes natuurlik ontvang word.

Tien jaar lank slaag die redaksie reeds daarin om streekgeskiedenis op 'n aantreklike dog wetenskaplike wyse aan 'n breë leserskring oor te dra. Daarbenewens bied die tydskrif geleentheid aan professionele historici en ander belangstellendes wat hulle met plaaslike en streekgeskiedenis besig hou, om hul navorsing wyer bekend te stel. *Contree* kan egter nooit 'n doel op sigself wees nie — dit moet gelees, bestudeer en gebruik word om belangstelling in streekgeskiedenis én algemene geskiedenis te kweek of aan te wakker.

Die volgende dekade sal die toets wees vir *Contree* se aanpasbaarheid in 'n snel veranderende wêreld.

[16] Dit mag nuttig wees om van tyd tot tyd selfs vraelyste aan lesers te stuur om hul mening te toets oor sake soos die soort artikels wat hulle verkies of die algemene voorkoms, inhoud en omvang van die tydskrif.

[17] *Contree* 10, Julie 1981 (vier artikels waarin verskillende aspekte van selfregering op plaaslike vlak bespreek word) en *Contree* 20, Julie 1986 (twee artikels oor Johannesburg in die pioniersjare ter viering van dié stad se honderdste bestaansjaar).